

“EENHEID IN ESSENSIËLE DINGE, VRYHEID IN DIE NIE-ESSENSIËLE, MAAR IN ALLES LIEFDE.”

(Augustinus 354-430nC)

Dr. Isak Burger

Mei 2020

Daar is sekere waarhede waaroor die meeste Christene saamstem, waarhede wat ons saligheid raak en wat nie onderhandelbaar is nie. Ek wil nie 'n volledige geloofsbelydenis gee nie, maar dink hier onder andere aan dinge soos:

- God is die Skepper, die Oorsprong van die hele geskiedenis;
- Die gesag van die Bybel as die mees betroubare openbaring van God;
- Die kernboodskap van die Bybel is JESUS en dat Hy aarde toe gekom het om verlossing van sonde en 'n verhouding met God moontlik te maak;
- Jesus is deur die Heilige Gees verwek in 'n maagd;
- Hy is die Messias, die Seun van God, ons Verlosser;
- Hy het gely, aan 'n kruis gesterf, is begrawe, het op die derde dag uit die dood opgestaan en teruggegaan na Sy Vader;
- Hy het vir ons die Trooster, die Heilige Gees, gestuur;
- Daar is 'n wederkoms.

Daar kan nog heelwat ononderhandelbare Bybelwaarhede hierby gevoeg word waaroor Christengelowiges oor alle eeue en uit feitlik alle kerklike tradisies heelhartig saamstem.

Daar was egter deur die eeue 'n tendens - en vandag in besonder - dat nie-essensiële kwessies, m.a.w. dinge wat nie 'n verskil aan ons saligheid sal maak nie en dinge waaroor daar verskil van mening moontlik is, só deur sommiges geaksentueer word en oor hare gekloof word dat dit verwarring by gewone gelowiges bring en dikwels tot afkraking van mekaar en verdeeldheid in die liggaam van die Here lei.

Kom ek noem enkele voorbeelde:

- **Kersfees** - Elke Kersfees is daar van voor af argumente oor liggies, kersbome, kersvader en veral oor die datum van Kersfees. Terwyl daar oor die meeste van hierdie dinge verskillende argumente, teenargumente en alternatiewe menings is - is dit nie belangriker dat ons eerder die één groot waarheid vier, nl. dat Jesus deur die Heilige Gees verwek is en uit 'n maagd gebore is en dat ons nie seker is op presies watter dag van die jaar Hy gebore is nie? As iemand dan nie hierdie waarheid op 'n gepaste manier op die tradisionele 25e Desember wil vier nie, laat dit dan so wees sonder om ander wat dit wél doen, te verketter.
- **Paasfees** - Jaarliks is daar argumente oor die dag waarop Jesus gekruisig is. Sommige argumenteer dat dit op die Woensdag was, ander Donderdag en die meeste op die tradisionele Goeie Vrydag. Elkeen voel hy/sy het 'n geldige argument of teks. Dié wat anders daarvoor voel word dan as onkundig, dwalend of vals afgemaak. Is die belangrikste nie dat ons erken en saamstem dat Jesus regtig vir ons sonde gesterf het en waarlik uit die dood opgewek is nie?
- **Die skepping** - Sommige glo absoluut dat die aarde net 6,000 jaar oud is en dat die skepping oor 6 letterlike dae plaasgevind het. Andere probeer om die Bybelse skeppingsverhaal en die wetenskap met mekaar te versoen. Sommige glo die twee is onversoenbaar. Ander glo dat as daar 'n verskil is, is dit óf omdat ons begrip en verstaan van die spesifieke Skrifte onvolkome is, óf dat die wetenskap nog nie by die finale waarheid uitgekom het nie. Is dit nie eerder van primêre belang dat ons net sal bely dat God die Begin, die Skepper en Oorsprong van alles is nie en dat ons die misterie en detail van hóé Hy geskape het, wanneer Hy geskape het en hoe lank die skepping geduur het, nie volkome verstaan nie?

- **Die sabbat** - Dit is merkwaardig hoeveel keer Jesus (volgens die godsdienstige leiers van Sy tyd) die sabbatsgebod oortree het. Sy verweer was egter: "Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie." (Mk. 2:27) Mense raak kort-kort in argumente betrokke oor die onderhouding van die sabbat en watter dag nou eintlik dié dag van die Here is waarop ons bymekaar behoort te kom. Paulus wou nie hieroor hare kloof nie en ek meen dat ons goed sal doen om steeds sy riglyn in Rom. 14:5 ter harte te neem: "Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."
- **Die Wederkoms** - Daar was nog altyd - en tans is daar weer - verskillende leringe oor allerhande minder-essensiële detail ten opsigte van die Wederkoms. Ons móét aanvaar dat daar verskillende perspektiewe en interpretasie-moontlikhede is om hierdie "sekondêre"-aspekte van die Wederkoms te interpreteer. Dit is sekerlik ook nie verkeerd om 'n persoonlike belangstelling daarin te hê en eie menings en afleidings uit verskeie Bybeltekste daaroor te maak nie. Met sommige hiervan kan ek saamstem en oor ander verskil ek. Die probleem is net dat daar by verskillende van hierdie "kenners" 'n "know it all"-houding voorkom wat met betersweterigheid, meerderwaardigheid, arrogansie en belediging van diegene wat ander menings het, gepaardgaan. Dít terwyl daar veral wat die Wederkoms betref, verskillende Skriftekste is wat ruimte laat vir verskillende interpretasies en verstaan daarvan. Weereens, moet ons nie eerder bely dat ons nié die volledige inligting en volmaakte kennis oor die laaste dae het nie, maar net van harte glo en bely dat Jesus wéér terugkom om dié te kom haal wat aan Hom behoort?

In die opskrif van hierdie stuk, het ek die woorde van die vroeë kerkvader, Augustinus, aangehaal: "In die essensiële dinge moet daar eenheid wees; in die nie-essensiële dinge, vryheid, maar in alles liefde."

Ek wil 'n beroep op my medegelowiges en kollegas doen. Kom ons word nie op loop geneem deur elke nuwe lering nie. 'n Goeie skeut nederigheid en ootmoed is gepas - kom ons beseft en erken dat ons siening oor die "nie-essensiële" dalk nie die enigste en onaantasbare mening is nie.

Aan elke mede-gelowige wil ek vra: Moenie deur elke lering op sleeptou geneem word nie - dit is trouens 'n kenmerk van die "laaste dae". Hou styf vas aan wat Judas 1:3 noem: "Die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" - m.a.w. daardie essensiële, kernwaarhede waarsonder jy nie gered kan word nie. Waak daarteen om deur individue wat hulle eie agenda najaag in kampe gedryf te word.

Laat ons eerder fokus op die basiese Bybelwaarhede, waarvan Paulus in besonder die volgende uitsonder in 1 Kor. 2:2: "Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."

Onthou - "Eenheid in essensiële dinge, vryheid in die nie-essensiële, maar in alles liefde!"

EINDE